**Die mens en sy vrou was naak, maar nie skaam nie**

**Genesis 2:25, 3:6-11, 21**

**16 April 2023**

Vandag is die laaste keer wat ek wil stilstaan by Gen 1 en 2. Tot dusver het ons al gesien dat God alles uit niks gemaak het gedurende ses skeppingsdae. Gedurende die ses skeppingsdae was daar vordering van 'n woeste, donker, leë en met water bedekte aarde, tot 'n aarde wat gereed was vir lewe en wat daarna gevul is met verskillende lewensvorme. Elke lewensvorm het spesifieke opdragte ontvang. Die mens is na God se beeld geskape, en God het soewerein met die mens 'n verbond gesluit. Volgens die bepalings van die verbond, moet die mens heers oor die skepping deur te heers oor die diere en die aarde, die aarde te onderwerp en die tuin te bewerk en bewaak. Die mens moet ook vermeerder en die aarde vul, en onvoorwaardelik gehoorsaam wees aan God se opdragte. Boonop moet die mens elke sewende dag rus, soos wat God gerus het op die sewende dag. God het gerus, want sy skeppingswerk was afgehandel. Netso kan die mens vooruit kyk na 'n ewige rus wanneer hy sy skeppingsopdragte suksesvol voltooi het. Ons het ook gesien dat die tuin wat spesifiek deur die Here God aangelê is vir die mens om in te woon, 'n eerste tabernakel was waar die mens as priester diens moes doen. Laasweek het ons stil gestaan by God se uitspraak aan die einde van die sesde dag, dat alles wat Hy gemaak het baie goed was. Ons het daaroor besin dat dit nie beteken dat alles na die skepping en voor die sondeval perfek was nie – immers was daar 'n duiwel en immers was Adam en Eva verleibaar en is hulle kort voor lank verlei. Ons moet die stelling eerder verstaan dat God daarmee bedoel het dat die skepping baie goed voldoen het aan God se verwagting daarvan en dat God nou juis binne hierdie skepping gaan optree om Sy oorkoepelende doel te bereik, naamlik dat die aarde gevul sal wees met Sy heerlikheid.

Vandag wil ek in besonder stilstaan by Gen 2:25: "Hulle twee was naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam vir mekaar nie". In 'n sekere sin gaan ons oordenking van hierdie vers dien as 'n oorgang van Gen 2 na Gen 3.

Die vraag is natuurlik: Wat moet ons maak met die stelling: "Hulle twee was naak, die mens en sy vrou, maar hulle was nie skaam nie"? As voorgraadse student het ek in die koshuis gewoon. Op 'n dag kom 'n medestudent na my toe met die volgende redenasie: Adam en Eva voor die sondeval was tog sekerlik vir ons rolmodelle om na te streef. As Gen 2:25 sê hulle was naak, maar nie skaam nie, beteken dit tog sekerlik dat iets soos nudisme nie so maklik veroordeel moet word nie … en jy kan net sien waar hierdie redenasie heen sou lei. Nou, ek kan nie onthou presies wat ek hom geantwoord het nie, maar op een of ander wyse het ek sy suggestie afgemaak en veroordeel.

Maar dit antwoord nog nie die vraag nie – wat moet ons maak met die stelling in vers 25? Gewoonlik word daar langs die volgende lyne hieroor geredeneer: Hierdie stelling word voor die sondeval gemaak. Adam en Eva was dus nog sonder sonde, en dus totaal onskuldig. Weens hulle onskuld het hulle naaktheid geen verkeerde begeertes in hulle aan die gang gesit nie, en daarom was hulle geensins skaam nie. Kidner skryf in sy Tyndale kommentaar oor Genesis dat daar perfekte gemak was tussen Adam en Eva, wat die gevolg was van die perfekte liefde tussen hulle twee, en daarom het hulle naaktheid nie aanleiding gegee tot skaamte nie. Ek wil hierdie verduideliking nie sommer net afmaak nie, maar ek moet sê hoe meer ek hieroor dink, hoe meer is ek oortuig dat dit nie die essensie van die stelling aanspreek nie. Kyk na die volgende:

Die "maar" in vers 25 is nogal verrassend: Hulle twee was naak, <u>maar</u> hulle was nie skaam nie. Dit skep die indruk dat ons moes verwag het hulle moes skaam gewees het, en dat dit verrassend is dat hulle nie is nie. Nou moet ek direk byvoeg as jy na die NIV of ESV gaan, is daar nie 'n "maar" nie,

maar wel ‘n “en”. Maar selfs met ‘n “en” is die gedagte wat geskep word steeds: wel, dit is verrassend dat hulle naak was, en tog nie skaam nie. Wat ons oor moet wonder is: Was God se verwagting dalk wel dat hulle skaam moes gewees het oor hulle naaktheid?

Maar kom ons dink ook oor die volgende: Is seksuele begeertes tussen ‘n man en sy vrou verkeerd? Let op, vers 25 is baie spesifiek: dit handel oor die mens en sy vrou. Dis dus binne die huwelik – die voorafgaande vers praat juis oor hoe ‘n man sy ouers sal verlaat en hom aan sy vrou verbind, en hulle sal een vlees word. Eva is juis geskep as ‘n helper vir Adam. God het juis vir hulle die opdrag gegee om te vermeerder en vul. Hoe moet dit gebeur? Nou, ek beplan nie om vir julle gesinsbeplanning voorligting te gee nie, maar as Adam en Eva wil vermeerder en die aarde wil vul, gaan hulle uiting moet gee aan hulle seksuele behoeftes. Dis ‘n wonderlike gawe wat deel van God se skepping is, en wat kardinaal belangrik is vir God om Sy doel met die skepping te bereik. Kan ek die volgende stelling maak: dit is geensins onvanpas vir ‘n man en sy vrou om nie skaam te wees as hulle naak in mekaar se teenwoordigheid is nie.

Nou gaan jy vir my sê: OK, goed. Maar wat is dan my probleem met die betekenis van die vers? Adam en Eva was tog man en vrou, en hulle was naak en tog nie skaam nie. So, dan is alles mos nou in orde!

Wel onthou nou wat in Genesis 3 gebeur. Ons ken die geskiedenis. Die duiwel kom en verlei vir Eva om teen God se wil te eet van die boom van kennis van goed en kwaad. Een van die wortels wat die duiwel voor Eva hou is dat as sy wel sal eet van die boom van kennis van goed en kwaad, gaan sy soos God word deurdat sy ook beide goed en kwaad sal leer ken (Gen 3:5). Nou die probleem met die duiwel is dat hy nie altyd net lieg nie. Daar is soms waarheid in wat hy sê – daar was waarheid in dat Adam en Eva beide goed en kwaad sou leer ken as hulle sou eet van die boom van kennis van goed en kwaad – dit is hoekom die boom se naam was wat dit was. Tot op hede het Adam en Eva die goedheid van God belewe. As hulle ongehoorsaam sou wees aan God se opdrag, gaan hulle ook leer wat kwaad beteken, en wat die gevolge van kwaad doen is. So, Eva het geëet. En Adam het geëet. Die verstommende is wat gebeur het toe hulle geëet het. Lees Gen 3:7: “Altwee se oë het oopgegaan en hulle het besef dat hulle naak is”. Dis so erg, hulle werk terstond vir hulle vyeblare aanmekaar en maak vir hulle lendeskorte om hulle naaktheid te bedek.

Nou hoe moet ons dit verstaan? Die oomblik toe hulle ongehoorsaam was, het hulle besef hulle is naak. Ek vind dit ook onverwags. As ek na die sondegevalle wêreld kyk waarin ons leef, dan lyk dit vir my eerder asof ‘n toename in sonde gepaard gaan met ‘n afname in skaamte oor naaktheid. Maar hier gebeur presies die teenoorgestelde. Hulle was naak, en nie skaam nie. Noudat hulle ongehoorsaam was, is hulle naak én skaam. En direk maak hulle ‘n plan om hulle naaktheid te bedek.

Lees nou vers 10: “Hy (d.i. Adam) het geantwoord: ‘Ek het U in die tuin hoor beweeg, en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip.’” Toe God hulle kom soek het, het hulle weggekruip. En hulle verduideliking aan God was dat hulle bang is, want hulle is naak. Dus, hulle is nie net skaam nie – hulle is nou bang ook. Maar hulle het tog al vantevore naak in God se teenwoordigheid gekom, sonder om skaam en bang te wees. Hoekom is hulle nou skielik skaam en bang?

Wat nog meer verstommend is, is dat God in beginsel saamgestem het dat hulle naaktheid ‘n probleem is. Lees vers 21: “Die Here God het daarna vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en dit vir hulle aangetrek.” Ons leer hier dat God vir hulle velklere gemaak het. Let op, hulle eie vyeblaarklere en lendeskorte was nie genoeg nie, die Here God maak vir hulle velklere. Nou, dit is sekerlik so: velklere is sekerlik meer duursaam as vyeblare. Maar hoekom maak die Here God nou

skielik vir hulle klere? Hoekom het Hy nie reg van die begin af vir hulle velklere gemaak nie? Let ook op: Dit was die Here God, dit was dus die Verbondsgod, wat vir hulle velklere gemaak het.

Weereens is ek oortuig dat God, soos wat ons al herhaalde male gesien het in die skeppingsgebeure in Gen 1 en 2, besig is om baie meer te sê as wat ons op die oppervlak lees. Weereens moet ons 'n geheelbeeld deur die loop van die Bybel gaan soek om werklik te verstaan waarmee God besig is, en wat Hy aan ons wil kommunikeer. Kom ons gaan kyk na 'n paar ander plekke in die Bybel waar klere/naaktheid ter sprake is. Wie weet, dalk kan dit lig werp op wat ons hier sien. Ek gaan na vier gedeeltes in die Skrif verwys – twee in die Ou Testament, en twee in die Nuwe Testament:

<u>Enkele Skrifgedeeltes wat ook verwys na klere/naaktheid</u>

**1. Die hoëpriester en priesters se klere (Eks 28:39-43)**

Ons het al gesien hoe die tuin van Eden 'n eerste tabernakel was – met belangrike ooreenkomste en verskille as jy dit met die Ou Testamentiese tabernakel vergelyk, veral as jy dit met die Heilige van die Ou Testamentiese tabernakel vergelyk. Verder het ons ook gesien dat Adam se verantwoordelikheid in die tuin van Eden soortgelyk was aan die rol van die priesters wat diens gedoen het in die Heilige: Adam moes die tuin bewerk, netso moes die priesters die dienswerk in die Heilige verrig – hulle moes die lampe versorg, die toonbrode uitpak, en wierookoffers bring. Verder moes Adam die tuin bewaak, netso was die priesters verantwoordelik om die heiligdom te bewaak – hulle is verantwoordelik gehou vir enige sonde teen die heiligdom. Natuurlik kan ons die lyn deurtrek na ons toe wat diens moet doen in God se koninkryk en dit moet bewaak. Daar was egter baie pertinente voorskrifte vir die klere van die hoëpriester en sy seuns, die priesters. Eks 28 beskryf vir ons die klere – veral die klere van die hoëpriester word in detail beskryf. Ons is egter nou veral geïnteresseerd in wat in verse 39-43 beskryf word rakende die priesters. Lees Eks 28:39-43. Die priesters moes spesifiek linnebroeke dra – die Engels beskryf dit as "undergarments". Let op dat hulle hierdie broeke moes dra as hulle diens gaan doen by die altaar of in die tabernakel. Daarsonder sou hulle sterf. Let ook op wat die doel van hierdie linne onderklere was: om hulle naaktheid te bedek (vs 42). Aäron en sy seuns moes gesalf en gewy (letterlik: geheilig) word met die klere aan voor hulle met hulle priesterlike werk mog voortgaan.

**2. Jesaja se profesie (Jes 61:6, 8, 10)**

Lees Jes 61:6, 8 en 10. Soos ons weet: die laaste gedeelte van Jesaja kyk vorentoe die toekoms in. Die volk moet bemoedig word. In vers 6 word die volk (gelowiges) juis priesters genoem. In vers 8 onderneem God om kragtens Sy ewige verbond aan die volk te gee wat Hy hulle beloof het. Lees nou vers 10b. God trek vir die gelowiges klere van verlossing aan, Hy hang vir hulle 'n mantel van geregtigheid om. Die gelowige word beskryf as 'n priesterlike bruidegom asook 'n versierde bruid. Hier het jy weer hierdie konneksie van priesters wat geklee word. Wat duidelik uitgewys word is dat die klere klere van verlossing is, en dat die gelowiges as priesters in geregtigheid toegewikkel word.

**3. Jesus se kruisiging (Joh 19:23-24)**

Wanneer Jesus gekruisig word, hang Hy naak aan die kruis. Waar is sy klere? Wel Sy boklere word in vier dele verdeel en aan die soldate gegee. As hulle egter by sy onderkleed (undergarment) kom, dan sien hulle dis sonder naat in een stuk geweef. Hulle besluit om dit nie te skeur nie – maar trek lootjies oor wie dit gaan kry. Ons weet nie wie dit gekry het nie. Maar hou hierdie prentjie in jou kop: Jesus naak aan die kruis, en iemand aan die voet van die kruis wat sy <u>volledige</u> onderkleed gekry het.

**4. Openbaring se fokus op klere:**

Daar is verskeie gedeeltes in Openbaring wat spesifiek verwys na klere. Kyk na die volgende:

a. Op 1:13 – die Seun van die Mens dra 'n lang kleed, met 'n goue band om die bors
b. Op 3:4-5 – In Sardis was daar darem 'n paar mense wat nie hulle klere besoedel het nie, en wat altyd in wit klere by Jesus sal wees. Trouens, almal wat die oorwinning behaal, gaan sulke wit klere dra.
c. Op 3:17-18 – Die gemeente in Laodisea was onder die indruk dat hulle skatryk is, en niks meer benodig het nie. Maar intussen was hulle arm, blind en naak. Christus het hulle aangeraai om by Hom wit klere te koop, sodat hulle naaktheid en skande bedek kon word. Let wel, hulle moet die wit klere <u>by Hom</u> koop.
d. Op 19:7-8 – Hier lees ons van die bruilof van die Lam. Volgens vers 7 het die bruid haar spesifiek gereed gemaak vir hierdie bruilof. Let mooi op wat vers 8 leer:
    i. Die bruid, i.e. die gelowiges, het blink klere aan van suiwer fyn linne. Linneklere – soortgelyk aan daardie klere wat die priesters in die Ou Testament moes dra as hulle diens in die heiligdom moes gaan verrig.
    ii. Let ook op die linneklere is vir die bruid <u>gegee</u>.
    iii. Terselfdertyd word ons geleer die klere is die regverdige dade van die gelowiges. Regverdige dade is natuurlik dade wat in lyn met God se wil is, dade waarin God behae het. Die blink klere van suiwer fyn linne is dus dade wat die gelowiges <u>doen</u>, maar terselfdertyd word dit ook aan die gelowige <u>gegee</u>.

<u>Implikasies van hierdie Skrifgedeeltes op ons interpretasie van Gen 2 en 3</u>

Kom ons probeer nou sin maak uit alles wat ons in hierdie Skrifgedeeltes gelees het, en gebruik dit om lig te werp op dit wat ons in Gen 2 en 3 lees. Miskien is dit die maklikste om van die einde af terug te werk na die begin toe:

- Wanneer die gelowiges as die bruid gaan aansit aan die bruilof van die Lam, d.w.s. in die hiernamaals, is hulle beslis nie naak nie. Nee, hulle het linneklere aan – fyn, helder, blink linneklere. Dit is klere wat waardig is om gedra te word na die bruilof van die Lam. Ons weet dit verwys na ons regverdige dade, soos Openbaring ons leer. Ons weet ook dit pas in by God se verlossingsplan vir gelowiges: Ons word nie deur dade gered nie, maar wel deur geloof in Jesus Christus. Maar al word ons nie deur dade gered nie, word ons wel tot dade gered. Ons geloof moet regverdige dade tot gevolg hê. Jakobus is baie duidelik daaroor dat geloof sonder dade dood is (Jak 1:17). So, as jy glo sal jy regverdige dade doen. Trouens, wanneer God oordeel, weeg Hy juis ons dade. Dis hoekom heiligmaking so kardinaal belangrik is: As ek aan die bruilofsmaal wil gaan aansit moet ek die regte klere, oftewel dade, aanhê. Ons weet ook, Christus het vir ons 'n Helper gestuur om ons te begelei op die pad van heilgmaking. Dit maak dus absoluut sin as Op 19 leer dat die helder, fyn, blink linneklere die dade van die gelowiges is – iets wat die gelowige moet doen, maar terselfdertyd is dit ook iets wat vir hulle gegee word.
- Dit verduidelik ook hoekom Jesus vir die gemeente in Laodisea aanmoedig om hulle naaktheid te bedek deur by Hom wit klere te koop. Sonder die wit klere sal hulle nie aan die bruilof van die Lam aansit nie – want naaktheid word nie daar geduld nie.
- Jesus se boodskap aan die gemeente in Sardis onderstreep dat almal wat die oorwinning sal behaal, sulke wit klere sal dra. Hierdie klere is onbesoedeld – dus skoon, en daarom kan hulle saam met Jesus leef, en daarom kan hulle aan die bruilofsmaal van die Lam aansit.

- Kom ons dink nou aan die kruisgebeure: Jesus het naak aan die kruis gehang. Maar aan die voet van die kruis was daar iemand wat Jesus se onderkleed ontvang het – onthou dit was juis die onderkleed wat die priester se naaktheid moes bedek as hy gaan diens doen in die tabernakel. Die soldate het die lot gewerp om te bepaal wie Jesus se onderkleed sou ontvang. Dus: aan die voet van die kruis was daar iemand wie se naaktheid bedek was met Jesus se onderkleed, terwyl Jesus naak aan die kruis gehang het. Is dit nie juis wat regverdigmaking is nie: my sondeskuld op Hom gelaai, Sy geregtigheid aan my toegereken! Die naaktheid van die persoon aan die voet van die kruis word op Jesus oorgedra, maar Jesus se onderkleed, Jesus se geregtigheid, oftewel Jesus se regverdige dade, word op hom oorgedra. Die persoon se sondeskuld, se gebrek aan regverdige dade word op Jesus gelaai, en hy ontvang se Jesus se klere, se regverdige dade. Let ook op: nie almal aan die voet van die kruis ontvang Jesus se onderkleed nie – net die soldaat wat deur loting bepaal is. Nie alle mense word geregverdig nie, nie alle mense ontvang Jesus se geregtigheid nie. Net die uitgesoektes wat God deur uitverkiesing begenadig het! Maar let ook op – die uitgesoekte persoon aan die voet van die kruis ontvang Jesus se volledige kleed – immers is Jesus se onderkleed nie geskeur nie. Die uitverkorenes ontvang volledige geregtigheid van Jesus om hulle naaktheid volledig te bedek. Jy ontvang óf alles, óf niks.
- Ek glo Jesaja se profesie in hoofstuk 61 maak nou volledig sin: God beklee die gelowige met klere van verlossing, hang om hulle 'n mantel van geregtigheid en so word hulle 'n priesterlike bruidegom, asook 'n versierde bruid wat mag aansit aan die bruilofsmaal van die Lam.
- Kom ons dink oor die Ou Testamentiese priesters. Ons het in die verlede daaroor gepraat dat die gebeure in die voorhof juis regverdigmaking uitbeeld, en dat die gebeure in die Heilige heiligmaking uitbeeld. Dit maak dus net sin dat die priester se naaktheid bedek moet wees voor hy by die altaar diens mag doen of in die Heilige ingaan. Hy moet dan reeds klere van verlossing dra, omhang wees in geregtigheid. Hierdie klere word vir hom gegee, hy word met die klere aan geheilig – dan kan hy die Heilige ingaan. Tydens heiligmaking word hierdie klere sy eie, en eventueel kan hy die Allerheilgste ingaan en aan die bruilofsmaal gaan aansit.

Waar laat dit alles ons met die verstaan van Gen 2 en 3? Wel, ek is oortuig dit help baie:

- Die eerste saak wat ons moet raak sien, is dat daar geweldige ontwikkeling plaasvind vanaf Gen 2 na Gen 3. Ons het 'n paar weke gelede gesien dat Adam en Eva in Gen 1 en 2 in 'n werksverbond met God gestaan het. Hulle moes hulle eie geregtigheid bewerk deur getrou al hulle skeppingsopdragte uit te voer. Hulle moes vermeerder en die aarde vul, hulle moes heers oor die diere en die aarde, hulle moes die aarde onderwerp, hulle moes die tuin bewerk, hulle moes die tuin bewaak, hulle moes elke sewende dag rus en besin waar alles vandaan kom en waarheen alles op pad is, en hulle moes nie van die boom van kennis van goed en kwaad eet nie. As hulle dit alles in onvoorwaardelike en gewillige gehoorsaamheid uitgevoer het tot op die punt dat God se doel met die skepping bereik is, i.e. tot op die punt dat die hele aarde tuin is en die hele die aarde gevul is met die heerlikheid van God, dan sou hulle hulle eie geregtigheid verdien het. Dan sou hulle ook fyn, helder, blink bruilofsklere ontvang het – welliswaar deur hulle eie verdienste – maar dan sou hulle ook toegang hê tot die Allerheilgste. Maar wat is die realiteit van hulle vordering teen die einde van hoofstuk 2? Wel, oënskynlik baie min. Daar is nog nie eens 'n kind nie. Die duiwel loop nog rond – hy kom selfs in die tuin in. Hoeveel klere van geregtigheid het al gerealiseer? Baie min. Daarom sê vers 25 hulle was naak – naak in terme van dade van geregtigheid.

- Wat nog meer hartseer is, is dat hulle nie skaam was oor hulle gebrek aan vordering nie. Ek is oortuig Gen 2:25 is veel meer 'n aanklag teen Adam en Eva, as dat dit 'n aanprysing is dat hulle ten spyte van hulle fisiese naaktheid nie skaam was nie. As jy dit so verstaan, vorm vers 25 die logiese oorgang na hoofstuk 3.
- In hoofstuk 3 word dit nog meer tragies. Nie net is hulle nie aktief besig met die uitvoer van hulle skeppingsopdragte nie, hulle leen hulle ore uit aan die duiwel, en oortree God se opdrag. Die oomblik wat hulle dit doen, gaan hulle oë oop – en hulle word nie net skaam nie, hulle word ook bang. Bang vir wie? Bang vir God. Want, soos die duiwel gesê het: nou verstaan hulle skielik die konsep van kwaad. Hulle het doodeenvoudig God se opdrag oortree. En nou is hulle bang vir God se oordeel – God was baie uitdruklik oor wat hulle kan verwag – die dag wat hulle van die boom van kennis van goed en kwaad eet, gaan hulle beslis sterf. In plaas van om klere van geregtigheid te verdien deur in gehoorsaamheid dade van geregtigheid te verrig, was hulle ongehoorsaam. Skielik gaan hulle oë oop en verstaan: God soek klere, maar hulle is naak. Dan maak hulle hulle eie plan: Hulle werk vyeblare aanmekaar en maak vir hulle lendeskorte.

Maar, genadiglik, as Adam en Eva in sonde val deurdat hulle die bepalings van die skeppingsverbond oortree, rig God direk 'n genadeverbond op. Ons gaan die genadeverbond nie nou in detail bespreek nie – maar ons weet van die Een uit die nageslag van die vrou wat sou kom en die kop van die slang gaan vermorsel. Ons het 'n paar weke gelede gepraat oor hoe God direk na die sondeval begin met die oprigting van die nuwe lewende weg. Ek beplan om dit alles in meer detail in die volgende weke te bespreek. Maar terselfdertyd doen God nog iets: Hy maak vir Adam en Eva klere. God wil nie hê hulle moet naak wees nie. Langs die nuwe lewende weg gaan hulle op die ou end ook by die bruilofsmaal uitkom. Maar dan het hulle klere nodig. In Genesis 2 moes hulle dit self bewerk. Nou onderneem God Hy sal dit doen. Hy gee vir hulle klere van vel. Direk is daar simboliek in – hierdie klere gaan 'n geweldige prys vra om voorsien te word. Bloed gaan moet vloei – immers het God gesê die dag as hulle eet van die boom van kennis van goed en kwaad gaan hulle sterf. Ons weet uit die res van die Bybel dat daar 'n Plaasvervanger sou moes sterf in Adam en Eva se plek. Ons weet baie diere se bloed het gevloei gedurende die Ou Testament as offers wat vooruit moes wys na Jesus se eenmalige plaasvervangende dood waar Hy naak in hulle en in ons plek aan die kruis gehang het. Daarom gee God aan hulle velklere – diere moes sterf sodat hulle klere kon ontvang wat in die bloed skoon gewas is om waardig te wees om aan die bruilofsmaal te mag gaan aansit.

Kan ek nog een opmerking maak: Kan jy weereens sien ons as gelowiges gaan nie aan die einde van die tyd terug na die tuin van Eden voor die sondeval nie. Ons is op pad na 'n bruilofsmaal waar ons fyn, helder, blink linneklere gaan aanhê – ons is nie oppad om weer naak in die tuin van Eden te wees nie. Ek is oortuig, ons het hier 'n verdere bewys dat die uitdrukking "En dit was baie goed" in Gen 1:31 nie kan beteken dat alles perfek was voor die sondeval nie. Immers was Adam en Eva naak, en boonop nie eers skaam daaroor nie. Dit was 'n kwessie van tyd voor hulle sou val. Dit maak baie meer sin om te verstaan dat Gen 1:31 bedoel God het alles gemaak sodat dit baie goed was om Sy doel deur die skepping te bereik.

<u>Toepassings</u>

Kan ek enkele toepassings maak:

- Aan my studentevriend destyds in die koshuis moet ek sê: Om uit Gen 2:25 te wil redeneer iets soos nudisme is verdedigbaar, getuig doodeenvoudig van 'n uiters gebrekkige insig in God se openbaring aan die mensdom.

- God is doodernstig daaroor dat Sy skeppingsopdragte akkuraat en volledig uitgevoer moet word. Ons sal in ons verdere bestudering van Gen 3 nog sien dat God nie Sy skeppingsopdragte opgehef het na die sondeval nie – inteendeel, Hy het dit juis bevestig. God is so ernstig hieroor dat Hyself die verantwoordelikheid hiervoor aanvaar het in Gen 3 en vir die res van die geskiedenis. Dit is wat so genadig is in God se genadeverbond.
- Ek en jy kan alleen aan die bruilofsmaal van die Lam gaan aansit met die regte klere aan – onthou maar net die uiteinde van die bruilofsgas wat sonder bruilofsklere by die bruilof was in die gelykenis wat Jesus vertel het – hy is uitgegooi. Genadiglik het God vir ons bruilofsklere berei deur Jesus Christus en die werk van die Heilige Gees. Hy het in Gen 3 al getoon dat dit is wat Hy gaan doen. Hy gee dit aan ons – soos Op 19:8 sê die bruid is toegelaat om dit aan te trek. Maar Op 19:7 sê ook die bruid het haar gereed gemaak, sekerlik deur die klere aan te trek. Ons word inderdaad uit genade deur die geloof in Jesus geregverdig, maar ons moet ook groei in heiligheid, sodat ons in pas sal wees met God se wil teen die tyd dat die bruilofsmaal aanbreek. Dit was God se doel reg van die begin van die skepping af. Laat ons nie naak gevind word wanneer Jesus weer kom nie.
- Maar dit gaan verder as dat ons nie net nie naak gevind word met Sy wederkoms nie. Ons moet ook nie skaamteloos wees soos Adam en Eva toe hulle naak was en nie gevorder het met die uitvoer van God se skeppingsopdragte nie. As ons laks is in die uitvoer van ons verantwoordelikhede, behoort ons werklik skaam te wees, en selfs bang te wees, soos hulle. Maar, genadiglik staan ons in 'n genadeverbond met God – waar God die verantwoordelikheid op Homself geneem het, en Hy onderneem het dat Hy ons sal toerus om dit te kan doen. Kom ons werk dan ywerig aan die uitvoer van ons opdragte deur die genade wat God aan ons betoon.